Om die lewensbloed te drink

1 Kronieke 11: 10 - 25
1 Kronieke 11: 19

1. Inleiding

Dit maak nie saak hoe hard jy probeer nie, jy kan party mense maar net nie tevrede stel nie. Was u al daar. Daar waar ’n mens alles in jou beroep ingooi om jou werkgewer tevrede te stel, net om kritiek terug te ontvang. Dink vir ’n oomblik hoe die drie dapper manne in ons teksgedeelte gevoel het, terwyl Koning Dawid die water op die grond uitgooi. Die water wat hulle in lewensgevaar gaan haal het. Is dit nie genoeg om al jou moed te breek nie.

Maar hoekom die fokus op hierdie gedeelte vandag? Hierdie kort diskoers wat ons van vers 15 tot 19 aantref in ons teksgedeelte vandag. Wat wil die Here vir ons leer uit hierdie episode van vermorste energie en waagmoed? Wat sê dit vanoggend vir ons, in hierdie voorbereidingsdiens met die oog op die nagmaal volgende sondag? Ek meen, sal ek deur die vyand glip om so ’n wens van die koning te volbring? Dalk nie ’n vraag wat in ons huidige politieke bestel goed afgaan nie.

Tog is ons nie vandag besig met gewone politiek nie. Ons is juis hier besig om teogerus te word vir ons diens aan die ewige koning. Die Konings van Konings, ons Here Jesus Christus. Ons wil kom leer hoe ons ook aktief Sy koningryk kan uitbrei en uitbou. En hierdie taak verg natuurlik die verkryging van hulpbronne en energie. En dan ook die korrekte aanwending van hierdie hulpbronne en energie. Kom ons gaan leer daar in die Adullam grot hoe optrede wat waarlik tot eer van die koning strek lyk. Veral ook vandag waar ons in ’n moderne wêreld leef.

2. Die waarde van lewe

Die waarde van die menslike lewe is in die Christelike geloof baie hoog. Ons glo dat dit God alleen is wat lewe gee en daarom ook Hy alleen is wat die reg het om ’n lewe te neem. Ons gaan ook in die kategismusprediking later vandag op hierdie saak verder fokus. Maar is dit ook dawid se fokus wanneer hy hierdie uitspraak maak wat ’n reeks lewensgevaarlike gebeure aan die gang sit. Wanneer hy sê: "Ag, as iemand my tog net water uit die put in Betlehem se poort kon laat drink!”

Wanneer ’n mens mooi daaroor dink is Dawid se verlange eerder na ’n rustige samelewing waar hy vry van die vyandigheid van die Filistyne water uit Bethelehem se poort kan drink. Maar die dappermanne rondom neem hierdie begeerte letterlik op as iets wat hulle kan vervul. En dan gaan stel hulle, hul eie lewens in gevaar om hierdie begeerte van Dawid te vervul. Daarom sê Dawid dat om die water te drink sal wees soos om hulle lewensbloed te drink. En dit is op die einde nie die optrede van die man na God se hart nie.

Hierin lê ’n diep les oor naasteliefde opgesluit. Ons weet dat baie konings deur die eeue en regeerders vandag nie sal huiwer om die lewens van hulle onderdane op te offer vir hulle eie genot en voordeel nie. En miskien is dit juis ’n area waar elkeen van ons ook vandag selfondersoek moet doen. Stel my begeertes wat uiteindelik optredes word die lewebestaan van my naaste in gevaar. Drink ek soms die lewensbloed van my naaste.

Maak ons maar partykeer vrede met die feit dat mense met hulle lewens sal moet betaal vir my ideale. Verwag ek van ander mense rondom my om my te dien totdat hulle uiteindelik niks oor het nie, en sterf. Gryp ons soms gulsig die water uit die hand van die dapper manne en drink elke laaste druppel daarvan op.

In ons fokus op die Heilige Nagmaal van die Here dink ons terug aan die man wat eenkeer uitgeroep het, ek het dors. Die man oor wie daar gesê word :"Julle besef nie dat dit tot julle voordeel is dat een man vir die volk sterwe en nie die hele nasie verlore gaan nie.” in Johannes 11 vers 50.

3. Die aanwending van lewe

Die probleem in ons teksgedeelte vandag is die aanwending van die lewe. Ons perikoop vandag handel oor die helde van Dawid. Dit is ’n gedeelte wat propvol heldedade is. En al hierdie helde dade het een doel. Hulle wil die koningskap van Dawid vestig en uitbou. Hiervoor is hulle bereid om alles aan te wend selfs hulle lewe. En soos ons in ons teksgedeelte sien, is hulle selfs bereid om hulle lewe aan te wend om ’n klein plesiertjie van die koning moontlik te maak.

Miskien lyk dit vir my en jou vandag belaglik vanwaar ons staan. Maar wanneer ons werklik die aanwending van ons lewens ondersoek wat word vir ons duidelik. Hoe wend ons, ons lewens aan. Sien op die einde is almal besig om ’n koning te dien en gewoonlik selfs jou lewe te gee vir daardie koning. Is daardie koning ek self. My eie sondige natuur. Dit is immers juis hoe die dood in die wêreld gekom het as gevolg die sonde. Of is daardie koning miskien my loopbaan, familie, materïele besittings wat ook al. Is ek op die einde bereid om werklik my lewe te waag om selfs die klein plesiertjies van daardie koning te verwesenlik?

As jy vanoggend moeg is om aan te hou buig en offer voor een van hierdie bogenoemde konings. Dan wil ek weer jou aandag fokus op die koning wat sy dissipels se voete kom was het. Die koning wat soveel liefde vir Sy volgelinge gehad het dat Hy hulle as broers en susters wil aanneem. Iets wat Hy self moontllik maak wanneer Hy vir ons sondes aan die kruis kom betaal.

Hierdie koning is niemand ander as ons Here Jesus Christus nie. Hy wat ook weer volgende Sondag ons uitnooi om te kom aansit aan die tafel van die Heilige Nagmaal. Daar waar Hy ons juis uitnooi om van Sy lewensbloed te drink. Die bloed wat Hy aan die kruis gestort het om ons van ons sondigheid te verlos.

4. Die hoogste offer

Maar as Dawid dan nie die lewensbloed van die dapper manne drink nie, wat doen hy wel daarmee. Hy offer dit. Hy offer dit aan die Here. Die enigste een wat die moeite werd is om met ’n offer vereer te word is ons Here. Ons Here Jesus Christus het immers juis Sy liggaam geoffer sodat ons verlos is van die sonde. Juis dit waaraan ons weer gaan dink wanneer ons die Heilige Nagmaal ook vier volgende Sondag.

Dit is amper asof Dawid juis die woorde van Openbaring 22:9 aan die mense hier rondom hom sê: "[9]“Pas op, moenie!” “Ek is ’n mededienaar van jou en van jou medegelowiges, die profete en dié wat die woorde van hierdie boek ter harte neem. Aanbid God!” Dit is die woorde van die engel aan Johannes wat hom wil aanbid.

Dit is ten slot van sake wat ons met offer van ons lewensbloed moet doen. Ons moet bereid wees om selfs vir die Here te sterf. Wie sy lewe bo My liefhet, verloor dit; en wie sy lewe in hierdie wêreld nie bo My liefhet nie, sal dit vir die ewige lewe behou. Maar dit is natuurlik nie waar dit eindig nie.

Want ons leef in die era van die groot opdrag. Ons word deur die Here beveel om ook ander te leer om bereid te wees om hulle lewensbloed te offer vir die Here. Mattues 28:20 maak dit duidelik aan ons: "[20]leer hulle om alles te onderhou wat Ek julle beveel het.

Soos Dawid van ouds moet ons vir die mense wat ons wil vereer met offers duidelik die weg wys na die een wat eintlik verheerlik moet word met alles wat op aarde bestaan. Kom ons dink ook in die besonder hieraan wanneer ons volgende week aansit aan die nagmaalstafel. Waar om my is daar ’n broer en suster waarin die Gees alreeds aan die werk is. Iemand wat ek kan bystaan en leer oor die heerlikheid van die Here. Iemand se lê lewe waaraan ek betekenis kan gee.

5. Slot

Ons kan hierdie preek oor die eienaardige gedeelte afsluit met die volgende gedagte. Alhoewel bloed en veral die drink en eet van bloed iets was wat streng verbied is in die Bybel kry ons tog vandag se teksgedeelte in die Ou Testament. En natuurlik is dit waarvan Dawid in ons

teksgedeelte praat ook nie letterlik die bloed van die dappermanne nie. Nee, maar hierdie bloed is soos by die elemente van die nagmaal ’n teken van iets anders. Dit is die teken van hierdie mans se lewens wat hulle op die spel geplaas het om die water in die hande te kry. Die wyn by die nagmaal is natuurlik ook die teken en simbool van ons Here Jesus Christus se bloed wat gevloei het tot volkome versoening van al ons sondes.

Maar dan anders as in ons teksgedeelte moet ons hierdie bloed van die Here drink. Ons moet met liggaam en siel deel word van die sterwe en opstanding van die Here Jesus Christus. Want daarmee bely ons ook dat ons, ons lewe en alles wat ons het sal offer tot eer en verheerliking van die Here alleen. En dit hier waar ons selfondersoek vir die week wat voorlê dan ook begin. Is hierdie belydenis ’n werklikheid in my alledaagse lewe.

As al my optrede en intensies werklik bloot gelê word, sal dit werklik die Here alleen verheerlik. Of is ek eintlik besig om ’n ander koning te dien. Want ten slot van sake wat help dit ek is ’n dapper man, maar in diens van die verkeerde Koning? Kom ons wees dapper manne wat versterk duur die bloed van die Here kragtig gaan stry vir die koninryk van die Here.

Amen